



SERING

HILDEGARD DE BEER
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Hoewel die sering, *Melia azedarach* L., familie Meliaceae, 'n gewilde straat- en tuinboom in Suid-Afrika is, is dit vinnig besig om in dele van die land die natuurlike plantegroei binne te dring en digte boskasies te vorm. In sekere gebiede word daar reeds baie geld aan die bekamping daarvan bestee.

Sering staan ook as maksering, seringboom, Kaapse sering en bessieboom bekend. In Engels word dit gewoonlik "syringa" genoem, of soms "Cape lilac", "Persian lilac", "bead tree", "China-berry" of "azedarach".

MORFOLOGIE

Sering is 'n bladwisselende boom wat gewoonlik 12 m hoog word, hoewel dit 'n hoogte van tot 23 m kan bereik. Dit het 'n dik, redelike kort, regop stam

met 'n oop, ronde, spreidende kroon. Die donkergroen blare is dubbel-saamgesteld en 150 tot 800 mm lank. Elke afsonderlike blaartjie is ellipties, met 'n spits punt en getande of gelobde rande, en is 30 tot 50 mm lank en 10 tot 25 mm breed.

Die boom is gedurende Oktober en November oortrek met blouers blomme met 'n aangename geur wat veral in die namiddag en aand besonder opvallend is. Die blomme met hulle opvallende, perserige meeldraadsuile word in groot, oop blomtrosse aan die punte van die takke gedra. Hulle word deur bye besoek vir nektar en stuifmeel.

Die vrugte is gladde, groen, bolronde steenvrugte, 10 tot 15 mm in deursnee, met 'n onaangename reuk en 'n baie bitter en walglike smaak. Hulle word later geel en verrimpel en bly



FIG. 1. Die kenmerkende ligpers blomme en geel bessies van sering (foto: L. Henderson)



FIG. 2. 'n Digte stand seringbome langs die Krokodilrivier

lank aan die bome. Die sade is ongeveer 3,5 x 1,6 mm groot, en is langwerpig, glad en bruin.

OORSPRONG EN VERSPREIDING IN SUID-AFRIKA

Melia azedarach is inheems in die Verre Ooste, vanaf Indië, Sri-Lanka, tropiese China suidwaarts, en ooswaarts deur Maleisië en Nieu-Guinee tot tropiese Australië en die Salomonseilande, en kom hoofsaaklik in woude voor. Dit is ook lank reeds genaturaliseer in Klein-Asië, en kom wydverspreid in die tropiese en subtropiese dele van die wêreld voor.

Die cultivar wat in Suid-Afrika voorkom, is as 'n sierplant van Indië af ingevoer en is reeds sedert 1894 in Natal gevestig. Dit word oral in Suid-Afrika asook in Namibië, Zimbabwe en Mosambiek in parke, tuine en langs strate vir versiering en skadu aangeplant. Hiervandaan versprei dit dikwels natuurlik na onbeboude grond of langs riviere, en word in baie gevalle ver van aanplantings aangetref. Dit is veral in die vogtiger oostelike dele van die land 'n onkruid, waar dit selfs onversteurde, natuurlike bosveldplantegroei binnedring.

In die Transvaal kom sering reeds algemeen voor langs paaie, in die veld en veral langs rivieroewers in die Hoëveldse grasveld, die Middel- en Laeveldse bosveld asook die Platorandwoud. Dit is reeds die dominante boom in die blaredak op die oewers van baie standhoudende riviere. In die Nasionale Krugerwildtuin, waar daar gedurig herbesmetting vanaf die bolope van die riviere buite die Wildtuin plaasvind, is die beheer van sering 'n nimmereindigende proses. Van al die uitheemse bome in Transvaal, is sering die wydverspreidste en aggressiefste, en dit word ook in Natal as een van die prominentste indringerplante gereken.

Sering kom in al die gematigde en subtropiese streke asook alle reënvalstreke in Suid-Afrika voor. Volwasse bome is bestand teen aansienlike hitte, koue, ryp, seelug, droogte en termiete. Dit aard beter as die meeste ander boomsoorte in betreklik droë gebiede, en floreer in die meeste soorte grond, insluitend brakgrond.

VOORTPLANTING

Sering plant hoofsaaklik deur middel van saad voort. Elke vrug bevat vier of vyf sade, en digte groepe van tot vyf saailinge kom voor wanneer dit in die veld ontkiem. Die vrugte word baie wyd deur veral muisvoëls (*Colius* spp.) en kwêvoëls (*Corythixoides concolor*) versprei, asook deur vrugtevlermuise in Natal. Dit kan ook deur water langs afvoerpype, kanale en riviere versprei word.

Indien die boom afgekap word, sal dit weer uitloop, en beskadigde wortels vorm ook geredelik spruite.

SKADELIKE EIENSKAPPE

Sering kan 'n baie nadelige invloed op weiding en ekosisteme hê, aangesien dit die natuurlike plantegroei in baie dele van die land binnedring en selfs vervang. Die doeltreffende verspreiding van die sade deur water stel die boom in staat om beskermde gebiede ver van die moederboom af binne te dring, en daar bestaan groot kommer oor die tempo waarteen dit versprei.

Die groot hoeveelhede vrugte wat sering jaarliks produseer, en wat lank aan die boom bly, is 'n baie aantreklike en maklike voedselbron vir vrugtevreterende voëls. Die moontlikheid bestaan dat voëls seringbessies sal verkies bo die minder smaaklike vrugte van inheemse boomsoorte wat geheel en al van voëls afhanklik is vir saadverspreiding. Dit kan veroorsaak dat sekere inheemse plantsoorte al hoe minder voorkom.

Daar word gewoonlik aanvaar dat sekere plantdele, en veral die bessies, giftig is vir mens en dier. Vier meliatoksiene is reeds in die vrugvleis geïdentifiseer, hoewel dit blykbaar nie in alle seringbome aanwesig is nie. Groot hoeveelhede moet ingeneem word voordat dit dodelik is. Daar word beweer dat kinders doodgegaan het nadat hulle van die bessies geëet het en dat veral herkouers reeds deur die bessies vergiftig is. Die bessies is egter onsmaklik vir die meeste diere, en word dus selde gevreet. Daar bestaan uiteenlopende menings oor die giftigheid van die boom.

BEHEER

Saailinge kan met die hand uitgetrek word wanneer die grond klam is, terwyl groter bome geringeleer kan word om te verhoed dat hulle weer uitspruit.

Tans is triklopir (in die handel beskikbaar as Garlon 4) geregistreer vir die chemiese beheer van sering. 'n 2%-oplossing in diesel word tot op 'n hoogte van 25 cm van die grondoppervlak aan die stam gevef. Vir meer besonderhede oor handelsname, dosis en aanwendingsmetodes kan *A guide to the use of herbicides* geraadpleeg word. Dit is verkrygbaar van die Direktoraat Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria 0001. Hierdie publikasie word jaarliks bygewerk en bevat dus die jongste inligting oor chemiese beheer.

WETGEWING

Daar bestaan nog geen wetgewing ten opsigte van sering nie. Na verwagting sal dit binnekort op die onkruidlys geplaas word sodat beheer daarvoor uitgeoefen kan word waar dit landbouhulpbronne bedreig.